education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## AARDRYKSKUNDE V1

## MODEL 2007

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 'n addendum van 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en B.

2. Beantwoord DRIE vrae wat soos volg gekies moet word:

   EEN uit AFDELING A
   EEN uit AFDELING B
   'n DERDE vraag uit óf AFDELING A óf B

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Kies die korrekte term tussen hakies vir elk van die volgende definisies:

1.1.1 Die inname van water deur plante en diere. (Absorpsie/Infiltrasie)
1.1.2 Die insyfering van oppervlakwater in spasies tussen die grond en rotsdeeltjies. (Absorpsie/Infiltrasie)
1.1.3 Die evaporasie van waterdamp vanaf die blare van plante in die lug. (Intersepsie/Transpirasie)
1.1.4 Die laag water onder die aardoppervlak. (Grondwater/ Hidrosfeer)
1.1.5 Groot, sirkelvormige strome oseaanwater, wat kloksgewys beweeg in die noordelike halfrond en antikloksgewys in die suidelike halfrond. (Kolk/Sikloon)
1.1.6 Die vernietiging van dele van die land, see of lug deur dit vuil te maak en te vernietig met chemikalieë en afval. (Besoedeling/Ontbossing)
1.1.7 Die intergolfgebied tussen vlak water en waar die hoogwater bereik word. (Aflandige gebied/Voorstrand)
1.1.8 Die gelyk gebiede langs die oewers van 'n rivier wat tydens seisoenale reëns oorstroom. (Vloedvlakte/Meander)
1.1.9 Die laag gesteentes en grond op die aardoppervlak. (Hidrosfeer/Litosfeer)
1.1.10 Die natuurlike plek waar 'n spesie of gemeenskap leef. (Biosfeer/Habitat)
1.1.11 Die reeks skakels wat wys hoe energie oorgedra word vanaf 'n produseerder deur verbruikers en ontbinders in 'n ekosisteem. (Voedselkettings/Voedselwebbe)
1.1.12 Die verskillende voedingsvlakke van 'n voedselketting. (Trofiese vlakke/Spysverteringsvlakke)
1.1.13 Die opbreek van gesteentes in klein deeltjies en korrels. (Korrosie/Verwering)
1.1.14 Die permanente verwydering van natuurlike woudbedekking deur mense. (Besoedeling/Ontbossing) (14)

1.2 Definieer die volgende terme:

1.2.1 Ontginning
1.2.2 Slik
1.2.3 Wêreldhandel (3 x 2) (6)

1.3 Bestudeer FIGUUR 1.3 en beantwoord die volgende vrae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Noem en beskryf TWEE prosesse verantwoordelik vir die erosie van die landpunt. | (2 x 4) | (8) |
| 1.3.2 | Noem, met 'n rede, die tipes gesteentes wat by A en B aangetref sal word. | (4 x 2) | (8) |
| 1.3.3 | Noem en beskryf die vorming van die landvorme, wat aangetref sal word as die landpunt geërodeer word. | (3 x 2) | (6) |
| 1.3.4 | Watter landvorme sal blootgestel word by hierdie kus indien die seevlak met 200 meter daal? | (3 x 2) | (6) |

1.4 Bestudeer FIGUUR 1.4 en beantwoord die volgende vrae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Noem die dier wat koraalriwwe bou. | (1 x 2) | (2) |
| 1.4.2 | Met verwysing na die temperatuur, in watter tipe oseane word koraalriwwe aangetref? | (1 x 2) | (2) |
| 1.4.3 | Noem TWEE tipes landvorme wat koraalriwwe tot gevolg kan hê. | (2 x 2) | (4) |
| 1.4.4 | Noem slegs EEN toestand wat nodig is vir die ontwikkeling van koraalriwwe. | (1 x 2) | (2) |

1.5 Bestudeer FIGUUR 1.5 en beantwoord die volgende vrae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Hoeveel plant- en dierspesies kom in die diagram voor? | (1 x 2) | (2) |
| 1.5.2 | Noem die organismes wat in die diagram voorkom. | (2 x 2) | (4) |
| 1.5.3 | Wat gebeur met diere en plante wat in die natuurlike omgewing doodgaan? | (1 x 2) | (2) |

1.6 Bestudeer FIGUUR 1.6 en beantwoord die volgende vrae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.6.1 | Noem EEN produseerder. | (1 x 2) | (2) |
| 1.6.2 | Noem EEN primêre verbruiker. | (1 x 2) | (2) |
| 1.6.3 | Noem EEN sekondêre verbruiker. | (1 x 2) | (2) |
| 1.6.4 | Toon 'n voedselketting met DRIE trofiese vlakke soos dit voorkom op die diagram. | (3 x 2) | (6) |

1.7 Lees die gevallestudie (FIGUUR 1.7) en beantwoord die volgende vrae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.7.1 | Hoe dink jy is hierdie Japannese families met kwik vergiftig? | (1 x 2) | (2) |
| 1.7.2 | Hoekom dink jy het dit so lank geneem voordat mense die gevaarlike gevolge van die kwik kon waarneem? | (1 x 2) | (2) |

1.8 FIGUUR 1.8 toon 'n denkbeeldige kuslyn. Perlemoenbaai het omgewings-agteruitgang ondergaan en is nie meer aantreklik vir besoekers nie. Die plaaslike owerhede het planne om die gebied te laat herleef en wil 'n vakansieoord en ontspanningsentrum by A vestig. Die inwoners van Perlemoenbaai is teen hierdie planne gekant. Jy is die bestuurder van 'n ontspanningsontwikkelingsmaatskappy, wat graag die kontrak vir die oprigting van hierdie nuwe sentrum wil bekom. Berei 'n voorlegging, wat aan die inwoners voorgelê gaan word. Jou voorlegging moet die volgende insluit:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.8.1 | Noem DRIE redes waarom A 'n ideale standplaas is. | (3 x 2) | (6) |
| 1.8.2 | Noem TWEE gebiede wat jou maatskappy sal beskerm/bewaar. | (2 x 2) | (4) |
| 1.8.3 | Noem EEN grondgebruik wat hervestig sal moet word. | (1 x 2) | (2) |
| 1.8.4 | Dui DRIE maniere aan waarop inwoners bevoordeel sal word deur die oprigting van die vakansieoorde en ontspanningsentrum. | (3 x 2) | (6) |
| | | | **[100]** |

**OF**

## VRAAG 2

2.1 Pas die term in KOLOM B by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – K) langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.10) neer, byvoorbeeld 2.1.11 – L.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.1.1 Enige vorm van vog wat vanaf die atmosfeer na die aardoppervlak vrygestel word | A neerslag |
| 2.1.2 Water wat onder die aardoppervlak gestoor word | B gletser |
| 2.1.3 'n Ysrivier wat in baie koue gebiede voorkom | C grondwater |
| 2.1.4 Die styging van koue water ryk aan voedingstowwe langs die kus van Peru | D chloorfluoorkoolstof |
| 2.1.5 Dit is chemiese stowwe wat atome van koolstof, chloor en fluoor bevat | E karnivore |
| 2.1.6 Die terugtrekbeweging van die water nadat 'n brander gebreek het | F ondergrawing/ ondersnyding |
| 2.1.7 Diere wat vleis eet | G terugloop |
| 2.1.8 Die chemiese afbreek van rotsmateriaal | H filtrasie |
| 2.1.9 Die erosie deur branders wat plaasvind aan die voet van 'n krans en die ineen-storting van die bokant van die krans as gevolg van swaartekrag | I reservoir |
| 2.1.10 'n Plek waar water opgaar of opgegaar word | J opwelling |
| | K korrosie |

(10 x 1) (10)

2.2 Kies die korrekte antwoord uit die lys wat voorsien word om die sin te voltooi. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommer neer, bv. 2.2.11 voedselketting.

omnivoor; verbruiker; produseerder; abioties; herbivoor; ontbinders; uitloging; biomassa; gevaar; akwakultuur

2.2.1 Die term … verwys na 'n gebeurtenis wat mense onveilig laat voel.
2.2.2 'n Aktiwiteit wat verband hou met visboerdery, staan bekend as …
2.2.3 Die term … verwys na die totale hoeveelheid lewende organismes in 'n gebied.
2.2.4 Die proses wat plaasvind wanneer voedingstowwe uit die grond gewas word deur reënwater, staan bekend as …
2.2.5 'n Organisme wat in staat is om sy eie voedsel te produseer, word 'n … genoem.
2.2.6 Die term … verwys na 'n organisme wat slegs plante eet.
2.2.7 'n Organisme wat beide plante en diere eet, staan bekend as 'n … .
2.2.8 Die term … verwys na die nie-lewende deel van die ekosisteem.
2.2.9 'n Organisme wat in staat is om dooie materiaal af te breek, staan bekend as … .
2.2.10 Die term … verwys na 'n organisme wat moet eet om te oorleef. (10)

2.3 Definieer/Verduidelik die volgende terme:

2.3.1 Ossillasiegolwe
2.3.2 Konstruktiewe golwe
2.3.3 Destruktiewe golwe
2.3.4 Strandmigrasie (4 x 2) (8)

2.4 2.4.1 Bestudeer FIGUUR 2.4 wat Suidelike Afrika se seestrome aandui. Skryf 1 – 4 neer en langsaan die naam van die seestroom wat voorgestel word. (4 x 2) (8)

2.4.2 Noem VYF kenmerke van warm seestrome. (5 x 2) (10)

2.4.3 Veronderstel jy is die Minister van Omgewingsake en Toerisme in Suid-Afrika. Jy word bewus gemaak van die feit dat ons kuswaters uitgebuit word. Noem VYF maatreëls wat jy in werking sal stel om verdere uitbuiting van die kuswaters te voorkom. (5 x 2) (10)

2.4.4 Damme is 'n bron van varswater. Regdeur die geskiedenis was die bou van damme in die belangrikste riviere 'n manier om in die waterbehoeftes van 'n gebied te voorsien. Dit het gehelp om te verseker dat nywerhede en mense wat in dorpsgebiede in die streek gewoon het, toegang tot 'n betroubare en veilige bron van water gehad het. Alhoewel die bou van damme water aan baie gebiede voorsien, dra dit ook by tot die ontstaan van nuwe uitdagings. Om aan hierdie uitdagins aandag te gee, het die Wêreldkommissie van Damme sekere aanbevelings gedoen om die impak wat dit op mense en die omgewing het tot die minimum te beperk. Noem VIER aanbevelings wat deur die Wêreldkommissie van Damme gedoen is. (4 x 2) (8)

2.5 Beskryf kortliks die volgende VYF faktore wat grondvorming beïnvloed:

2.5.1 Moedermateriaal
2.5.2 Reliëf
2.5.3 Ouderdom van grond
2.5.4 Klimaat
2.5.5 Die werking van organismes/Biologiese aktiwiteit (5 x 2) (10)

2.6 Die meeste van die boere in die Afrika-lande is nie in staat om genoeg voedsel te produseer vir hul bevolking nie. Daar is vier faktore wat boerdery in die lande beïnvloed, naamlik <u>droogtes</u>, <u>gronderosie</u>, <u>oorskryding van die drakrag van grond</u> en <u>bevolkingsdruk</u>.

2.6.1 Verduidelik wat word bedoel met elk van die VIER onderstreepte terme. (4 x 2) (8)

2.6.2 Noem EEN moontlike oplossing vir elk van die faktore in VRAAG 2.6.1. (4 x 2) (8)

2.7 Bestudeer FIGUUR 2.7 wat 'n grondprofiel aandui en beantwoord die volgende vrae:

2.7.1 Benoem horisonne A, B en C onderskeidelik. (3 x 2) (6)
2.7.2 Horisonne A en B is gesamentlik bekend as … . (1 x 2) (2)
2.7.3 In watter horison kom humus voor? (1 x 2) (2)

**[100]**

**TOTAAL AFDELING A: 100**

## AFDELING B

## VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of VALS is:

3.1.1 Die proses waarvolgens hulpbronne opgebruik word, word drakrag genoem.
3.1.2 Ontwikkelingsaanduiders is 'n stel kriteria wat gebruik word om 'n land se vlak van ontwikkeling te bepaal.
3.1.3 Kapitaal is die rykdom beskikbaar of besit deur 'n individu of besigheid.
3.1.4 Die handeling waarvolgens grond meer eweredig onder die mense verdeel word, word grondhuur genoem.
3.1.5 Globalisering is die toenemende ekonomiese integrasie en interafhanklikheid van lande.
3.1.6 Geletterdheid is 'n progressiewe toename in die algemene vlak van pryse.
3.1.7 Hernieubare hulpbronne is hulpbronne wat, indien gebruik, nie weer vervang kan word nie, behalwe moontlik oor uiters lang tydperke.
3.1.8 Hulpbronontwikkelingskonflik is wanneer die produksie van 'n hulpbron negatief inwerk op óf die mense óf die omgewing.
3.1.9 Die term volhoubaar verwys na ontwikkeling sonder om vir die omgewing om te gee.
3.1.10 Vrystelling is die afgee of uitstuur in die lug van 'n gas, klank of 'n lig. (10)

3.2 Verduidelik die volgende terme:

3.2.1 Lewenskoste
3.2.2 Buitelandse belegging
3.2.3 Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe
3.2.4 Omgewingsimpakstudie
3.2.5 Kernkrag (5 x 2) (10)

3.3 Bestudeer die wêreldkaart in FIGUUR 3.3 wat Brandt se verdeling van wêreldlande aandui en beantwoord die volgende vrae:

3.3.1 Die Brandtlyn verdeel die wêreld in 'n noordelike en suidelike deel:

(a) Is die noordelike deel arm of ryk? (1 x 2) (2)
(b) Gee TWEE redes vir jou antwoord by VRAAG 3.3.1(a). (2 x 2) (4)
(c) Noem EEN voorbeeld van 'n ekonomies ontwikkelde land en lewer kommentaar op sy vlak van materiële welvaart, soos getoon deur sy BNP. (2 x 2) (4)
(d) Noem EEN voorbeeld van 'n minder ekonomies ontwikkelde land en lewer kommentaar op sy vlak van materiële welvaart, soos deur sy BNP getoon. (2 x 2) (4)

3.3.2 Verduidelik waarom 'n MOI (Menslike Ontwikkelingsindeks) 'n meer bruikbare maatstaf van 'n land se welvaart en vooruitgang as die BNP is. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer die grafiek (FIGUUR 3.4) wat indiensneming in die hoof-ekonomiese aktiwiteite in Japan aantoon en beantwoord die volgende vrae:

3.4.1 Noem:

(a) EEN primêre ekonomiese aktiwiteit (1 x 2) (2)
(b) EEN sekondêre ekonomiese aktiwiteit (1 x 2) (2)
(c) EEN tersiêre ekonomiese aktiwiteit (1 x 2) (2)

3.4.2 Beskryf die veranderinge wat in die indiensnemingstruktuur van Japan plaasgevind het. (4 x 2) (8)

3.4.3 Verduidelik hoe die veranderinge genoem in VRAAG 3.4.2 die ontwikkeling van Japan aandui. (4 x 2) (8)

3.5 Bestudeer die twee advertensies in FIGUUR 3.5 en beantwoord die volgende vrae:

3.5.1 Beide hierdie advertensies bevorder ekotoerisme. Verskaf bewyse om hierdie stelling te staaf. (2 x 2) (4)
3.5.2 Bespreek hoe die plaaslike mense se inheemse kennis en vaardighede in die Oudrif-advertensie gebruik is. (2 x 2) (4)
3.5.3 In die Clanwilliam-advertensie het die plaaslike mense ander vaardighede aangeleer. Identifiseer hierdie vaardighede. (3 x 2) (6)
3.5.4 Bespreek hoe grondgebruikkonflikte in hierdie advertensies aangespreek is. (3 x 2) (6)
3.5.5 Dink jy die oplossings genoem in VRAAG 3.5.4 weerspieël volhoubare ekotoerisme? Verduidelik. (2 x 2) (4)

3.6 Lees die gevallestudie in FIGUUR 3.6 en beantwoord die volgende vrae:

3.6.1 Identifiseer die natuurlike hulpbron wat die regering van Nigerië sal gebruik. (1 x 2) (2)
3.6.2 Is die hulpbron genoem in VRAAG 3.6.1 hernieubaar of nie-hernieubaar? (1 x 2) (2)
3.6.3 Noem 'n voorbeeld van bewaring van 'n hulpbron in hierdie gevallestudie. (1 x 2) (2)
3.6.4 Noem 'n voorbeeld van uitbuiting van 'n hulpbron in hierdie gevallestudie. (1 x 2) (2)
3.6.5 Bespreek die impak op die omgewing van die Niger-deltaprojek. (2 x 2) (4)
3.6.6 Verduidelik hoe die gemeenskap betrokke is in die 'Campfire' ('Communal Areas Management for Indigenous Resources')-projek. (2 x 2) (4)

**[100]**

**OF**

**VRAAG 4**

4.1 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) teenoor die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.10), byvoorbeeld 4.1.11 C.

4.1.1 Wanneer hulpbronne in 'n gebied tot 'n vlak van volle produktiwiteit benut word, word die term … gebruik om dit te beskryf.

A ekonomies
B ontwikkeling
C rykdom
D inkomste

4.1.2 Aktiwiteite wat ons doen om te ontspan of vir die pret word ... genoem.

A verbouing
B vryheid
C ontspanning
D mynbou.

4.1.3 Die totale waarde van alle goedere en dienste wat in 'n land verkoop word plus die waarde van goedere en dienste wat aan ander lande verkoop word, word … genoem.

A bruto nasionale produk
B bruto binnelandse produk
C ekonomiese faktore
D sosiale faktore

4.1.4 Die waarde van alle goedere en dienste wat in 'n land in 'n jaar gelewer word, word … genoem.

A bruto nasionele produk
B bruto binnelandse produk
C ekonomiese faktore
D sosiale faktore

4.1.5 Die ontwikkeling van 'n bewaarde gebied wat dien as 'n toeriste-aantreklikheid, word … genoem.

A bewaring
B besoekersaantreklikheid
C toerisme
D ekotoerisme

4.1.6 Die vestiging van verskillende tipes industrieë of verskillende inkomstebronne, staan bekend as …

A betaling.
B vergoeding.
C diversifikasie.
D inkomste.

4.1.7 Die onbeplande ontwikkeling van laekostebehuising/plakkershutte, gewoonlik in of naby werkverskaffingsgebiede, staan bekend as …

A vervalsone.
B landelike nedersetting.
C stedelike nedersetting.
D informele nedersetting.

4.1.8 Landbouprodukte wat verkoop word as 'n inkomste, word … genoem.

A landbou
B boerdery
C befondsing
D kontantgewasse

4.1.9 'n Laagliggende gebied in 'n stad wat opgevul word met afwisselende lae van afval en grond afkomstig vanaf die stad, staan bekend as …

A 'n asdrom.
B die SSK.
C opvulling.
D die vervalsone.

4.1.10 Die verbetering van die lewenskwaliteit van mense terwyl daar verseker word dat daar genoeg hulpbronne vir die nageslag is, word genoem …

A groengordel.
B die skepping van rykdom.
C volhoubare ontwikkeling.
D finansiële lewensvatbaarheid. (10 x 2) (20)

4.2 Bestudeer FIGUUR 4.2 en beantwoord die volgende vrae:

4.2.1 Europa is deel van die ontwikkelde wêreld, terwyl Afrika deel is van die ontwikkelende wêreld. Die verskil tussen die twee is ook bekend as die (swart gat/ontwikkelingsgaping). Kies die korrekte woord tussen hakies. (1 x 2) (2)

4.2.2 Wat is Afrika se aandeel in die totale wêreldhandel? (1 x 2) (2)

4.2.3 Watter streek in Afrika het die grootste aandeel in die wêreldhandel? (1 x 2) (2)

4.2.4 Watter land in die Noord-Afrika-streek is die dominerende ekonomiese krag? (1 x 2) (2)

4.2.5 Watter land in die Suidelike Afrika streek is die dominerende ekonomiese krag? (1 x 2) (2)

4.2.6 'n Aantal jaar gelede het President Mbeki die NEPAD-plan vir Afrika aangekondig. Wat is die NEPAD-plan? (1 x 2) (2)

4.3 Beskryf kortliks die hoofkenmerke van die modelle van volhoubare ontwikkeling (1990 – tans ). (4 x 2) (8)

4.4 Bestudeer FIGUUR 4.4, wat 'n normale dag vir 'n vrou in die onderontwikkelde landelike gebiede voorstel en beantwoord die vraag:

Wat doen vrouens in die landelike gebiede gedurende die volgende tye:

4.4.1 05:30 - 15:00
4.4.2 15:00 - 16:30
4.4.3 17:30 - 18:30 (3 x 2) (6)

4.5 Afrika-vroue speel 'n belangrike rol in die ekonomiese sektore van hulle lande. Tot onlangs toe, is hulle rol egter geïgnoreer. Bespreek maatreëls wat getref moet word om geslagsdiskriminasie uit die weg te ruim en die lewenskwaliteit van Afrika-vroue te verbeter. (7 x 2) (14)

4.6 Bestudeer FIGUUR 4.6 en beantwoord die volgende vrae.

4.6.1 Watter energiebronne word die meeste benut in elk van die sketse wat die Europese Unie en Kenia onderskeidelik verteenwoordig? (2 x 2) (4)

4.6.2 Wat is die persentasies van die bronne wat die meeste benut word in VRAAG 4.6.1? (2 x 2) (4)

4.6.3 Watter persentasie van die energie wat in Kenia verbruik word, is bekend as biomassabrandstowwe? (1 x 2) (2)

4.6.4 Verduidelik die term *biomassabrandstof*. (1 x 2) (2)

4.6.5 Watter persentasie van die energie wat verbruik word in die Europese Unie is bekend as fossielbrandstof? (1 x 2) (2)

4.6.6 Verduidelik die term *fossielbrandstof*. (1 x 2) (2)

4.7 Bestudeer FIGUUR 4.7 wat handel oor die verspreiding van uitgesoekte hernieubare hulpbronne op die Afrika kontinent en beantwoord die volgende vrae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.7.1 | Definieer die term *hernieubare hulpbronne*. | (1 x 2) | (2) |
| 4.7.2 | Is water 'n hernieubare hulpbron? Verduidelik jou antwoord. | (2 x 2) | (4) |
| 4.7.3 | Is die hernieubare hulpbronne van Afrika eweredig of oneweredig versprei? | (1 x 2) | (2) |
| 4.7.4 | Gee TWEE redes vir jou antwoord in VRAAG 4.7.3. | (2 x 2) | (4) |
| 4.7.5 | Waarom word groot gedeeltes in die noorde van Afrika aangetoon as onproduktief? | (1 x 2) | (2) |
| 4.7.6 | Is graangewasse en veeboerdery primêre of sekondêre ekonomiese aktiwiteite? | (1 x 2) | (2) |
| 4.7.7 | Gee TWEE redes hoekom veeboerdery so belangrik is in die noordelike helfte van Afrika. | (2 x 2) | (4) |
| 4.7.8 | Gee TWEE redes hoekom die meerderheid van die Afrika-lande nog steeds voedseltekorte ondervind. | (2 x 2) | (4) |
| | | | **[100]** |

**TOTAAL AFDELING B: 100**

**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou